*Sondag* **15 Februarie**
**Skrifgedeelte: Hebreërs 4:14-16 (AFR33/53)**
**Fokusgedeelte: Hebreërs 4:15, 16**

**Barmhartigheid is te vind by die troon van God vir dié wat vrymoedig daarheen gaan**

Die Hebreërboek is geskryf aan tweedegenerasie Christene wat in moeilike omstandighede en onder geweldige vervolginge moedeloos geword het om geduldig te wag op Jesus se wederkoms. In die tyd kom sekere Jode en probeer hulle terug lok na die Joodse tradisies van die ou verbond.

Die Hebreërskrywer het ten doel om te wys dat dit nie waar is nie en daarop te wys dat Jesus Christus elke aspek van die Ou Verbond oortref. Die fokus van hoofstuk 4 vanaf vers 15 is juis weer so 'n voorbeeld dat Jesus die hoëpriesters van die Ou Verbond oortref.

In die eerste verse van hierdie afdeling begin die Hebreërskywer met geweldige warm woorde. Ons sien in vers 14-16 twee beloftes en twee aanmoediginge. Ons word in vers 14 belowe van 'n Hoëpriester Jesus wat deur die hemele deurgegaan het en dan in vers 15 die aangrypende belofte vir elke gelowige: *"… ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie."*

Het jy al oor hierdie woorde gepeins? My Here Jesus, die Koning van die konings, die Hoëpriester wat alle priesters oortref, het medelye met my. Daar in my lewe waar ek voel niemand verstaan nie, verstaan Hy, want: *"Hy is in alle opsigte versoek net soos ons, maar sonder sonde."*

As ons hierdie beloftes begryp, dan dring dit ons om uitvoering te gee aan die aanmoediginge wat die skrywe gee. Ons kan aan die "belydenis vashou" van ons Here Jesus, ons kan volhard tot die einde toe omdat Hy vir aan die kruis gesterf het en nou vir ons intree; en met die wete dat ons 'n Hoëpriester het wat vir ons intree by die Vader en vir ons pleit, kan ons dan met "vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word." Daar is niks wat ons hinder om na Hom te gaan nie. Hy oortref alles wat die wêreld belowe.

*Sing: Psalm 33-1:1, 11*
*Ds. JAG (Kosie) Henning (Daspoort)*